

Vrydag 25 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 18:1-7

Fokusgedeelte: Jesaja 18:4

Die HERE voltrek sy oordeel op die regte tyd

In Jesaja 18 bevind die volk Israel haarself in 'n stormende wêreldsee van politieke magspel. Assirië, Filistea, Egipte, Moab, Babel – al die lande weeg magte op om oor wêreldbeheer te beskik. Te midde hiervan is die HERE besig om sy volk oor haar sondes te tugtig (Jes. 1). Terselfdertyd oordeel Hy die nasies oor hulle goddeloosheid (Jes. 13-23).

In die verre suide staan nóg 'n nasie op wat die internasionale magspel betree (vs 1-2). Dit is 'n volk wat wyd en syd gevrees word van anderkant die riviere van Kus – die hedendaagse Etiopië. Dit is 'n “land van vlerkgegons” met “vinnige boodskappers” wat planne tref vir oorlog.

Alles beweeg en roer op die aarde. En in die hemel? “Ek wag rustig en aanskou uit my woonplek” sê die HERE (vs 4). Die gerumoer op die aarde beweeg nie aan God nie. Ons hoor die woorde van Psalm 2 weerklink: “Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? ... Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle.”

God wag rustig en aanskou uit sy woonplek. Hy word nie gekeer in die uitvoer van sy ewige raadsplan nie. By Hom is vrede. Al die bewegings op aarde, al die ontplooiings van weermagte, al die politieke sameswerings, verhinder Hom nie. Inteendeel, selfs dit is in sy beheer. Die HERE wag rustig, tot op die regte tyd wanneer Hy sy oordeel sal voltrek. En wanneer die regte tyd daar is, voltrek Hy dit – die geskiedenis getuig daarvan. Deur die Assiriërs verslaan Hy die gevreesde Kussiete (vs 5-6). Deur die Babiloniërs verslaan Hy die Assiriërs. Deur die Mede en Perse verslaan Hy die Babiloniërs. Die HERE voltrek sy oordele op die regte tyd wat Hy beskik.

Ons staan self in dieselfde lyn van geskiedenis waarin alles in die wêreld roer en beweeg. Ons sien egter meer as die ongelowiges. Ons kyk op, en ons sien hoe ons tyd in die hande van ons ewige God en Vader is. Toe die volheid van die tyd gekom het, het Hy sy Seun gestuur om die mag van dood en sonde vir ons te oorwin (Gal. 4:4). By die voleinding van die tyd sal die Seun weer kom en regverdig oor die wêreld oordeel. Hoe ook al die wêreld roer en gons en wat die nasies ook doen en beplan, ons wag rustig op God wat rustig wag om sy oordeel met die wederkoms te voltrek.

Sing: Psalm 82-1:1, 2

Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)